

**Titel:** Posisioneer jouself  
**Pastor:** Lucille May  
**Datum:** 28 November 2010  
**Tyd:** 18:00



### **II Kronieke 20:17, 23-24 NV**

<sup>17</sup> Julle hoef nie in hierdie stryd te veg nie. Posisioneer julleself, en staan en kyk na die oorwinning van die Here. Moenie vrees nie, Juda en Jerusalem, moenie bang wees nie. Trek hulle môre tegemoet. Die Here sal by julle wees.

<sup>23</sup> Toe val die Ammoniete en die Moabiete die inwoners van die Seïrberge aan en spaar niemand nie en roei hulle uit. En toe

hulle klaar was met die inwoners van Seïr, het hulle mekaar begin uitdelg. <sup>24</sup> Toe die Judeërs by die uitkykpos teenaan die woestyn kom en na die magtige vyand soek, lê daar net lyke op die grond. Daar was nie een oorlewende nie.

### **Ten opsigte van ongeregtheid**

#### **Romeine 12:19-21 NV**

<sup>19</sup> Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is My reg om te straf; Ek sal vergeld," sê die Here. <sup>20</sup> "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte." Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

#### **Jesaja 5:20 NV**

<sup>20</sup> Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat duisternis lig noem en lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter.

### **Ten opsigte van kompetisie**

#### **I Korinthiërs 9:26a OV**

<sup>26</sup> Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie...

- Fokus
- Mededingers
- Nederigheid

### **Ten opsigte van mekaar**

#### **II Kronieke 20:21b NKJV**

<sup>21</sup> ...he appointed those who should sing to the LORD, and who should praise the beauty of holiness, as they went out before the army and were saying: "Praise the LORD, For His mercy endures forever."

### **Om 'n seëning te ontvang**

#### **Psalm 133:1-3 NV**

... waar broers in eensgesindheid saam woon, gebied die Here Sy seën.

#### **Filippense 2:2 NV**

<sup>2</sup> maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van hart, een van strewe.

#### **Titus 3:10 NV**

<sup>10</sup> Met iemand wat na twee vermanings nog verdeeldheid veroorsaak, moet jy niks te doen hê nie.